# Die Sabbat — irrelevante wettiese instelling of verwaarloosde Bybelse juweel? 'n Simpatieke perspektief op die Sabbat.

**L C Bezuidenhout**
**Universiteit van Pretoria**

**Abstract**
**The Sabbath — irrelevant legalistic institution or biblical gem?**
**A sympathetic perspective on the Sabbath.**
*In this essay some of the prejudices against the Sabbath are discussed. It is stated that the church should be emancipated from anti-Judaic sentiments when the Sabbath as institution is evaluated. Attention is given to the meaning of the Sabbath in the Jewish tradition, and the value of some aspects of the Sabbath for modern society is illuminated.*

## 1. PROBLEEMSTELLING: VERLEENTHEID MET DIE SABBAT

In kerke binne die gereformeerde tradisie bestaan daar 'n verleentheid met betrekking tot die onderhouding van die Sabbat. Daar word in die meeste kerke groot waarde geheg aan die Tien Gebooie. Vir sommige lidmate van die kerk is dit moeilik om te aanvaar dat teoloë een van die gebooie, naamlik die Sabbatsgebod, nie meer as geldend beskou nie. Die verwarring onder lidmate word geïllustreer deur die briewe van lidmate met betrekking tot Sabbatsheiliging wat in kerkblaaie verskyn. Die verwarring word allermins besweer deur standpunte van teoloë in kerkblaaie of uitsprake van amptelike vergaderings. Enkele van hierdie uitsprake word aangehaal: Die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk spreek hom in 1964 uit ten gunste van die viering van die Sabbat op 'n Christelike manier. In 1976 onderskryf die Algemene Kerkvergadering die volgende standpunte van die Tussenkerklike Kommissie: 'Die Kommissie doen aan die hand dat alle openbare sportbyeenkomste wat georganiseerd en gekommersialiseerd aangebied word, op Sondae verbied word .... In beginsel behoort geen handelstransaksies buiten die verkope van noodsaaklike lewensmiddels op 'n Sondag toegelaat word nie' (vgl Van Wyk 1982:11 en 16).

Kuyper (1982:3) handhaaf die begrip 'Sabbat' en sê: '... die gebod kom nog steeds na ons: Gedenk die Sabbat, dat jy dit heilig'. Volgens hom het die Sabbat steeds 'n wydingsfunksie en 'n herinneringsfunksie. Die betekenis van die Sabbat in die Ou Testament bly steeds geldig in die Christelike kerk, maar die konstituerende elemente is nou die Woorddiens van die prediking, die bediening van sakramente en barmhartigheid.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Lindeque (1989:8) beklemtoon die diskontinuïteit tussen die Sabbat en die Sondag, maar stel dit nie eksplisiet dat die Sabbat verval nie. Hy noem wel dat Christus ons bevry van die sware las van wette en reëls wat op die Sabbat van toepassing is. Die aspek van rus word gehandhaaf.

Volgens Smith (1990:607) moet die Sondag aan die Here gewy wees. Om daardie rede moet arbeid so ingeperk word dat mense in staat kan wees om die Here na behore te dien. Smith (1990:610) is ten gunste daarvan dat die Nederduitsch Hervormde Kerk sy besluit van 1976 moet handhaaf, naamlik dat alle openbare sportbyeenkomste wat georganiseerd en gekommersialiseerd aangebied word, op Sondae verbied moet word. Smith handhaaf dus die heiligheid van die Sondag en in 'n sekere sin ook die ruselement.

Na aanleiding van briewe in *Konteks*, skryf Koekemoer (1994:2, 3) 'n artikel oor Sondagviering. Die inhoud van hierdie artikel stem ooreen met dié van 'n studiestuk wat aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voorgelê is tydens die vergadering van die Kommissie op 17 Junie 1994. Hierin word gestel dat Jesus en sy dissipels die Sabbat nie getrou onderhou het nie en dat daar reeds in Nuwe-Testamentiese tyd afgesien is van die aard van die Sabbat as 'n besondere en heilige dag. Die rus word vergeestelik in die sin dat dit in Christus vervul is. Elke oomblik moet 'n Sabbat wees.

Uit bogenoemde standpunte is dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid is oor die mate waarin die Sabbatsgebod steeds gehandhaaf moet word nie. Een ding is egter seker: Al die skrywers waarsku teen die 'wettiese karakter' van die Sabbat teenoor die bevryding in Jesus. Dit is waarskynlik die belangrikste dryfveer waarom die vierde gebod nie sonder meer as geldend beskou word nie. In hierdie artikel word aan hierdie saak besondere aandag gegee.

## 2. BENADERING GEVOLG IN HIERDIE ARTIKEL

In hierdie artikel word die Sabbat beskou vanuit 'n simpatieke perspektief. Op hierdie manier word aspekte van die Sabbat belig wat ook vir die moderne gelowige van waarde kan wees. Alhoewel die kulture waarbinne die Bybel ontstaan het, ver van ons kultuur verwyder is, is daar ook in hierdie kulture waardes waarmee die moderne gelowige hom/haar kan assosieer, aangesien hierdie waardes in 'n sekere sin tydloos is.

Wanneer antieke wette bestudeer word, moet daar in gedagte gehou word dat 'n buitestaander dit nie op dieselfde manier kan waardeer as die persoon wat grootword met daardie instellings waarbinne die ou wette gefunksioneer het nie. Vir 'n buitestaander kom die wette rigied en onlogies voor. Tog is dit vir die buitestaander soms moontlik om die waardes en beginsels te identifiseer wat hierdie wette ten grondslag lê, en om hierdie waardes en beginsels te respekteer. Dit is die doel van hierdie artikel met betrekking tot die Sabbat.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Hier word die standpunt gestel dat bogenoemde oordeel (naamlik dat die Sabbat in wese beklemmend is en dat Jesus ons daarvan bevry) nie noodwendig spruit uit die beskikbare inligting nie. Die negatiewe oordele ten opsigte van die Sabbat hou waarskynlik verband met 'n polemiese reaksie teenoor die Joodse godsdiens. Deur aan te toon hoe wetties die Joodse godsdiens is, word die Christelike godsdiens verhef as 'n bevrydende godsdiens. Aangesien die Sabbat by uitstek gesien word as simbool van die Joodse godsdiens, doen Christene moeite om hulle van hierdie simbool te distansieer. Hierdie benadering strek nie tot eer van die Christendom nie. 'n Volwasse Christendom behoort hierdie banadering te ontgroei.

## 3. DIE VREUGDE-ELEMENT VAN DIE SABBAT

Alhoewel die Sabbat reeds voor die ballingskap gehandhaaf is, het dit tydens die ballingskap besondere klem gekry. Die wette wat in die Ou Testament voorkom, is in 'n groot mate vanuit 'n eksiliese perspektief geskryf. Aan die een kant is die ballingskap gesien as straf vir die oortredings van die volk waarby oortreding van die Sabbat ingesluit is. Onderhouding van die Sabbat sou meewerk tot verlossing (vgl Jes 56:2-6; 58:13; Jer 17:27; Eseg 20:11-29; 22:25-31). Om hierdie rede is dit verstaanbaar dat daar so nougeset gelet is op die onderhouding van die Sabbat en waarom daar ook streng wette geformuleer is. Aan die ander kant was die onderhouding van die Sabbat en die besnydenis gesien as die twee onderskeidende kenmerke van die Joodse volk wat aan hulle in die ballingskap en verstrooiing 'n eie identiteit gegee het. Dit gee ook aanleiding tot die 'wettiese' Sabbatsreëls in die Halaka.

Die Joodse tradisie maak dit vir Christene maklik om die Sabbat voor te stel as 'n beklemmende instelling wat by uitstek die wettiese aard van die Joodse godsdiens demonstreer. In die Babiloniese Talmoed is daar immers 314 bladsye wat handel oor Sabbatsreëls. 'n Verdere 209 bladsye handel oor dinge wat op die Sabbat gedra en nie gedra mag word nie (Spier 1989:30). Sekere Sabbatsreëls word graag deur Christene as karikatuur voorgestel om daarmee die absurditeit daarvan te beklemtoon. Dit is egter nie billik om sonder begrip vir die motief agter die reëls 'n waarde-oordeel daaroor te fel nie.

In die Misjna, Sabbat 7:2 word nege en dertig dinge genoem wat ongeoorloof is op die Sabbat. Die motief hieragter is dat daaglikse roetine-werk nie op die Sabbat moet voortgaan nie. Wanneer elke reël in isolasie gesien word, lyk dit na haarklowery. Tog is die doel hiervan om duidelike riglyne te gee hoe die verknegtheid aan daaglikse werk deurbreek moet word, sodat die Sabbat as simbool kan bly voorbestaan.

Gesiene akademici het aangesluit by die standpunt dat die Joodse godsdiens in wese wetties is. Alhoewel Billerbeck 'n groot bydrae gelewer het tot die insig in Rabbynse literatuur met die publikasie van die boek *Kommentar zum Neuen Testament aus Tal-*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*mud und Midrasch*, dra hy by tot die negatiewe beoordeling van die Joodse godsdiens met die uitspraak dat die Wet nie langer sedelike doelstellings dien nie, maar die vervulling van die letter word 'n doel in sigself (Billerbeck 1928:14-15). Naas hierdie growwe veralgemening, verwys hy egter na maatreëls wat die Rabbyne tref om te verhoed dat die onderhouding van die Wet afstomp tot 'n formaliteit. Daar word vereis dat die Wet nie meganisties sonder die regte motief nagekom moet word nie. 'n Welwillende gesindheid teenoor mense is belangriker as wettiese gehoorsamheid. Hy verwys na die Sifra by Deuteronomium 11:13 waarin dit beklemtoon word dat alles uit liefde gedoen moet word en nie met 'n bymotief nie (Billerbeck 1928:14-15).

Dit sou egter nie billik wees om vanuit ons konteks te oordeel dat die Sabbat as 'n las ervaar is nie. In Jesaja 58:13 word gesê dat die Sabbat 'n vreugde (עֹנֶג) genoem moet word. Dat dit wel die geval was, word duidelik uit die feit dat mense in die ballingskap kinders *Sjabbetai* genoem het (vgl Esra 10:15; Neh 8:7 (Afrikaans 8:8); 11: 16).

Alhoewel die Halaka 'n wettiese indruk van die Jodedom skep, ontsluit die Haggada ander perspektiewe. Die doel van die Halaka is om toe te sien dat die Sabbat in geen opsig ontheilig word nie. Tog kan 'n volk of kultuur beter geken word uit sy stories as uit sy wette. So is dit ook die geval met die indruk wat die Haggada skep teenoor dié van die Halaka. Piet van Boxel (1987) en Erich Spier (1989) het sinvolle bydraes gelewer tot die debat met die publikasie van tradisies oor die Sabbat in die Haggada. 'n Paar aspekte van die Sabbat word belig deur hierdie tradisies: Die aangename, feestelike karakter van die Sabbat word op verskillende maniere uitgebeeld. Dit word voorgestel as 'n bruid. In 'n midrasj op Genesis 2:2 (Genesis Rabba 10:9) word gekyk na die probleem dat God volgens Genesis 2:2 op die sewende dag sy werk voltooi en gerus het. Die rus kan opgeneem word as voltooiing en dus 'n handeling wat werk impliseer. Alhoewel hierdie vraag die indruk skep van haarklowery, kan daar uit die vergelykings sekere afleidings gemaak word oor die besondere karakter van die Sabbat. Geniva tref die volgende vergelykig: 'Dit kan vergelyk word met 'n koning wat 'n bruidskamer maak. Hy het dit gepleister en geverf, maar wat het ontbreek? 'n Bruid om daarin te gaan. So was dit ook met die wêreld. Wat het ontbreek? Die Sabbat'. In 'n ander midrasj kla die Sabbat teenoor God dat sy nie 'n maat het soos die ander ses dae wat drie pare vorm nie. Die Sabbat trou op God se aanbeveling met die mens, met Israel (Beresjit Rabba XI, by Genesis 2:3; vgl Van Boxel 1987:27-28).

Daar word bepaal dat daar drie maaltye tydens die Sabbat moet wees, rabbi Chidka stel selfs vier maaltye voor, terwyl daar normaalweg twee maaltye per dag is. Die oorvloedige maaltye dui daarop dat die Sabbat ook op 'n konkrete manier geniet moet word (Van Boxel 1987:30).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Spier (1989:39) identifiseer die volgende kenmerke van die Sabbat soos dit in Haggadiese literatuur voorkom:

* Die Sabbat is die voleinding van die skeppingswerk (Beresjit Rabba X by Genesis 2:2), wie die Sabbat heilig, neem deel aan die skeppingswerk (Misjna, Sjabbat 119b).

* Die Sabbat is 'n afbeelding van die toekomstige wêreld wat geheel en al Sabbat sal wees (Beresjit Rabba XVII, by Genesis 2:19; Tamid VII, 4). Die heiligheid van die Sabbat is van dieselfde aard as die heiligheid van die toekomstige wêreld (Mechilta Par. Ki Tissa, by Eksodus 31:13; Berachot 57b).

* Op die Sabbat skyn die oorspronklike skeppingslig weer (Beresjit Rabba XI, by Genesis 2:3).

In hierdie paar voorbeelde word gedemonstreer dat die Sabbat deur die mense wat dit onderhou het, as 'n vreugdevolle fees geïnterpreteer is met 'n positiewe waarde wat ver uitstyg bo 'n 'beklemmende, wettiese' instelling.

## 4. DIE SABBAT EN DIE LEWE.

In populêr-wetenskaplike literatuur word die Sabbat soms as karikatuur voorgestel deur aan te toon dat dit selfs belangriker as lewe geag word. In 'n aantreklike publikasie oor gebruike en gewoontes in die Bybel skryf Louw die volgende oor die Sabbat:

> In Markus 2:23-27 sê Jesus self dat die Sabbat vir die mens gemaak is maar die Jode het die mens vir die Sabbat gemaak. Van die Joodse voorskrifte het ingehou dat ... as 'n huis op iemand inval op 'n Sabbat moes die slagoffer wag tot die Sabbat verby is voordat hulp kon opdaag — as hy solank sou leef.
>
> (Stander & Louw 1990:358).

In die algemeen moet dit gestel word dat Wet in die Ou Testament voorgestel word as iets wat juis die handhawing van lewe dien. Dit word duidelik uit die herhaling van hierdie beginsel in Deuteronomium 4:40; 5:16, 29; 6:18; 12:25, 28; 22:7. In Levitikus 18:5 word pertinent gesê: 'Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wie dit doen, sal lewe. Ek is die Here'. (Die aksent wat op hierdie uitspraak gelê word in Rom 10:5vv, is nie hier ter sprake nie.) In die Sifra by Levitikus 18:5 stel rabbi Isjmael dit op 'n radikale wyse dat lewe voorrang geniet bo die rigiede gehoorsaam van reëls (Van Boxel 1987:38).

Ook ten opsigte van die Sabbatreëls geld die beginsel dat lewe in stand gehou moet word. Op die Sabbat moet 'n lewe gered word, al sou dit neerkom op die verbreking van 'n Sabbatreël. Volgens die *pikkoeach nefesj*-reël moet 'n lewe ten alle koste gered word, selfs op die Sabbat (Misjna, Yoma 8:6). Die *pikkoeach nefesj*-reël het betrekking op die verwydering van rommel wanneer 'n gebou op 'n persoon ineenstort. Dan moet die rommel verwyder word, al is dit op die Sabbat. Hierdie reël word uitgebrei en toegepas op die beskerming en red van lewe onder alle omstandighede op die Sabbat (Misjna, Yoma 85a; 85b; Ketubbot 5a; 15b). Volgens 1 Makkabeërs 2:39-41 moet 'n mens jouself verdedig indien jy op die Sabbat aangeval word.

Die respek vir die lewe van mense word duidelik in die bepalings rondom die geboorte van 'n kind op die Sabbat. Dan val alle beperkings weg (Damaskus-dokument XI, 6; Misjna, Sota 5:3).

Natuurlik was daar verskillende strominge in Joodse denke. In die Qumran-gemeenskap is byvoorbeeld bepaal dat 'n dier wat op die Sabbat in 'n put val, nie op die Sabbat uitgehaal mag word nie (Damaskus-dokument XI, 13-14). Dit is egter nie geldig om dit as voorbeeld te noem van die Joodse opvatting oor die Sabbat nie. Ander gebruike het in die res van die gemeenskap gegeld, soos dit blyk uit Matteus 12:11, Lukas 13:15 en 14:5. In die Babiloniese Talmoed (Sjabbat 128b) word 'n kompromis getref tussen die gebruik in die tyd van die Nuwe Testament en die opvatting soos dit in Qumran voorkom. Die dier se lewe moet gered word, maar dit moet op so 'n manier gedoen word dat die mens nie werk op die dag nie.

'n Reël wat vandag aanstoot gee en dikwels gebruik word om die Sabbat te diskrediteer, is die reël in die Qumran-gemeenskap dat 'n mens wat in 'n gat met water val, nie uitgetrek mag word met 'n leer, 'n tou of 'n ander werktuig nie (Damaskus-dokument XI, 16-17). Aan die een kant moet opgemerk word dat die Qumran-gemeenskap 'n ander benadering tot die Sabbatreëls gehad het as die ander Jode. Een voorbeeld hiervan is die feit dat die Wet werk op die Sabbat verbied, maar dat dit in Qumran selfs verbode was om op die Sabbat van werk te praat en te beplan hoe jy dit op die eerste dag van die week gaan doen. Aan die ander kant impliseer die bepaling oor die persoon wat in die water val nie dat hy oorgelaat moet word om te verdrink nie, ook in Qumran word daar verwag dat so 'n persoon gered moet word. Die bepaling het egter betrekking op die instrument wat gebruik mag word. 'n Werktuig wat met algemene werk geassosieer word, mag nie gebruik word nie (Van Boxel 1987:54).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die uitspraak van Jesus dat die Sabbat vir die mens bedoel is, word as bevrydend deur Christene ervaar (Mark 2:27). Dit hoef egter nie in stryd te wees met die siening in Joodse kringe nie. Dit is so dat die Sabbat vir die mens gemaak is. Om daardie rede word die mens die beskermheer van die Sabbat wat dit in stand hou en daaraan die regte vorm en inhoud gee. Jesus dien as voorbeeld. Die uitspraak behoort nie verstaan te word dat die mens veronderstel is om die Sabbat af te skaf nie (Spier 1989:26). In *Mekilta* 109b word met betrekking tot Eksodus 31:14 rabbi Simeon ben Menasya aangehaal waar hy gesê het: 'die Sabbat is oorgegee aan julle en julle is nie oorgegee aan die Sabbat nie' (Van Boxel 1987:36). Hierdie uitspraak van Jesus sou waarskynlik aanvaarbaar gewees het binne eerste-eeuse Joodse denke (vgl Abrahams (1917:129), Montefiore (1927:1:63-65) en Sandmel (1978:28)). Jesus benut die *pikkoeach nefesj*-reël wanneer Hy vra of 'n mens op die Sabbat 'n lewe moet red (Mark 3:4, Luk 6:9). Jesus het nie teen die Sabbat gestry nie, maar het deelgeneem aan die ontwikkeling van die Joodse tradisie oor die Sabbat (Spier 1989:26).

Volgens Eduard Schweizer het die verhaal van Markus 2:23-28 (Jesus en sy dissipels loop gedurende 'n Sabbatdag deur die koringland en pluk are) waarskynlik ontstaan rondom 'n uitspraak van Jesus wat in Markus 2:27 voorkom: 'Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbat nie'. Soos hierbo vermeld, sou die uitspraak nie noodwendig in stryd wees Joodse denke nie. Die verhaal van die pluk van are het ontwikkel met 'n Christologiese motief, naamlik om Jesus as Here van die Sabbat voor te stel, gelyk aan en selfs groter as Dawid. Die doel van die verhaal wat ontwikkel het, word saamgevat in die slotsom in vers 28: 'Daarom is die Seun van die mens Here ook van die Sabbat' (Schweizer 1970:70-72; vgl Achtemeier 1975:8-9). Die verhaal het waarskynlik ook 'n eskatologiese motief. Dit verwys waar-skynlik na die gedagte dat mense (soos koringare) in die gemeenskap van Markus inge-lyf word (Beck 1994:145). Om op grond van hierdie verhaal Jesus in 'n spannings-posisie teenoor die Sabbat as sodanig te plaas, sou ongeldig wees.

Hier moet bygevoeg word dat die optrede van Dawid, naamlik om van die toonbrode te eet, volgens Halachiese gebruik wel geregverdig kan word: Die manskappe van Dawid was in nood, dan kan die Wet 'oortree' word. Aan die ander kant dien die voorbeeld van bekende persone as maatstaf vir optrede in die toekoms. Dit is billik van Jesus om Dawid se voorbeeld te volg.

In hierdie artikel is daar nie ruimte om al die uitsprake in die Nuwe Testament oor die Sabbat na te gaan nie, dit is ook nie die fokuspunt van die artikel nie. Slegs 'n enkele voorbeeld is hierbo bespreek. Daar kan toegegee word dat 'n anti-Joodse neiging voorkom in bepaalde verwerkingsfases van die Nuwe-Testamentiese materiaal. Al het die historiese Jesus Hom waarskynlik uitgespreek teen die vorm wat sekere persone aan die Sabbat gegee het, is dit te betwyfel of Jesus negatief ingestel was teenoor die Sabbat as instelling.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 5. DIE WAARDE VAN DIE SABBAT VIR DIE MODERNE MENS

Dit is tyd dat daar so 'n volwassenheid en selfstandigheid in die Christendom intree, dat dit nie meer nodig is vir 'n negatiewe afgrensing van die moeder-godsdienstradisie waaruit dit ontstaan het nie. Dit is nie meer nodig om die waarde en betekenis van Jesus te beklemtoon deur dit te kontrasteer met 'n karikatuur van die Joodse godsdiens nie.

Indien hierdie negatiewe benadering laat vaar word, kan daar meer objektief gekyk word na die Sabbat as belangrike Bybelse instelling. Karl Barth (1959:54) maak die volgende opmerking:

> Die theologische Ethik hat dieses Gebot Gottes oder das eine Gebot Gottes in dieser besonderen Zuspitzung im Allgemeinen mit einer Beiläufigkeit und Mattigkeit behandelt, die der Wichtigkeit, die ihm in der heiligen Schrift zugemessen wird, aber auch der entscheidenden Bedeutung die ihm sachlich zukommt, wirklich nicht entspricht.

Die Sabbat neem so 'n sentrale plek in die Bybel in, dat dit nie met 'n hermeneutiese kunsgreep van die tafel gevee kan word nie. Uit 'n praktiese oogpunt gesien, kan die viering van die Sabbat die volgende funksies vervul: Van die vroegste tyd was die onderbreking van werk 'n sentrale aspek van die Sabbat. Dit word waarskynlik ook weerspieël in die oudste skriftelike getuienis oor die Sabbat, naamlik 'n inskripsie op 'n potskerf uit die jaar 630 v C (Spier 1989:12). Beide Dekaloë (Eks 20 en Deut 5) beklemtoon hierdie aspek. In Eksodus word daar verwys na God wat gerus het nadat Hy geskep het, in Deuteronomium word verwys na die volk wat verlos is uit slawerny. Die rus-element is bedoel om die mens te beskerm teen 'n wesenlike gevaar, naamlik verslawing. Alhoewel arbeid as 'n skeppinggegewenheid positief beoordeel moet word, kan dit verslawend wees. Die mens behoort per afspraak homself periodiek daarvan te bevry, sodat hy weer perspektief op sy posisie in die skepping kan kry. Verslawing trek 'n mens se hiërargie van waardes skeef. Tydens die Sabbat kan 'n mens weer onderskeid maak tussen dit wat werklik belangrik is en dit wat bloot spoedeisend is.

In die bevryding van die Sabbat kry die mens weer waardering vir sy posisie voor God, sy verhouding tot sy mendemens en sy verhouding tot die natuur. In Genesis 2:2 en Eksodus 20:11 word die verband tussen die skepping en die Sabbat beklemtoon. Volgens Jürgen Moltmann behoort Christene steeds die Sabbat te vier as skeppingsfees, veral in die huidige ekologiese krisis (Spier 1989:133).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Alhoewel die Sabbat die mens opnuut bewus maak van sy verhouding tot die skepping, is daar ook 'n korrektief ingebou. Die feit dat die mens die Sabbat aan God moet wy, laat die mens besef dat die skepping nie vergoddelik mag word nie. Dit is wel sy tuiste en die akker waarin hy werk, maar God alleen moet aanbid word.

In die reëls vir die Sabbatjaar en Sabbatdag in Eksodus 23:10-12 en Deuteronomium 5:14 word deernis vir mens en dier beklemtoon, iets wat in die moderne arbeidspraktyk selde tot sy reg kom. Die verband tussen die Sabbat en barmhartigheid word ook uitgebeeld in die voorskrifte in Jesaja 58 waar die volk na die ballingskap gewys word op dit wat werklik vir God belangrik is.

Die Sabbat dien as onderskeidingsteken. Sedert die ballingskap het dit vir die Jode gedien as teken van die band wat hulle saambind, maar ook as teken van die verbond tussen hulle en God (vgl Eks 31:13, 16). Dit word nie alleen gesien as teken van die skepping van die aarde nie, maar ook as teken van die 'skepping' van die volk in Eksodus (Hoffman 1912:5). Alhoewel Christene hulle nie noodwendig hoef te identifiseer met die volk wat uit Egipte getrek het nie, kan die Sabbat steeds as saambindende teken dien vir mense wat waarde heg aan die Bybelse tradisie.

In die Joodse tradisie word die Sabbat gesien as die geleentheid by uitstek om die Woord te bestudeer (Hoffmann 1912:10). Hierdie aspek is 'n mate teenwoordig in die erediens en kategese op die Sondag, maar van doelbeswuste bestudering van die Woord is daar nie veel sprake nie.

Volgens 'n ou tradisie vorm die Sabbat en die ewigheid 'n eenheid. Toe God vir Israel die Tora gegee het, het Hy belowe om vir hulle die toekomstige wêreld te gee. Hulle het Hom gevra om vir hulle op aarde 'n voorbeeld te gee van die toekomstige wêreld. God het gesê dat die Sabbat 'n voorbeeld daarvan is (Heschel 1987:62). Dit kan vir ons ook dien as 'n voorbeeld van die vrede van die nuwe skepping.

Heschel (1987:15) verwys na die Sabbat as 'n heiligheid in die tyd, ook 'n paleis in die tyd (Heschel 1987:20). Hierdie beeld is treffend. Die mens heg baie waarde aan die dimensie van ruimte, maar verwaarloos die belangrikheid van die dimensie van tyd. Die Sabbat word vergelyk met 'n tempel in die tyd wat 'n mens betree wanneer die Sabbat aanbreek. Soos 'n kerk of tempel 'n gewyde atmosfeer het, so ervaar 'n mens ook die gewydheid van die Sabbat. Dit was veral vir die volk in ballingskap van groot betekenis. Dit is 'n heiligdom wat vir enigiemand toeganklik is, waar hy ook al is. Dit dien as simbool van die nabyheid van God.

Ook in ons tyd bestaan daar die behoefte by gelowiges om hulle af te sonder van die gewoel van die wêreld en vrede te vind. Mense gaan sit soms in kerke wat op Sondag oopstaan ter wille van die atmosfeer van vrede en gewydheid wat hulle daar ondervind, al is dit nie die kerk waaraan hy behoort nie. Hierdie atmosfeer behoort te heers in die lewe van gelowiges wanneer die Sabbatdag aanbreek.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Daar mag gesê word dat elke dag 'n Sabbat moet wees. So kan daar ook gesê word dat 'n mens se hele lewe 'n gebed behoort te wees. Tog is dit sinvol om sekere tye af te sonder vir 'n besondere vorm van gebed en ook om sommige dae af te sonder vir 'n besondere vorm van Sabbatdagviering.

Sonder om afbreuk te doen aan die instelling van die Sondag, kan die waardes wat geassosieer word met die Sabbat, steeds tot hulle reg kom in 'n Christelike gemeenskap.

## Literatuurverwysings

Abrahams, I 1917. *Studies in Pharisaism and the gospels.* 2nd edition. Cambridge: Cambridge University Press.

Barth, K 1959. *Die kirchliche Dogmatik von Karl Barth*, Band III/4. Zurich: Evangelischer Verlag Ag. Zollikon.

Beck, N A 1994. *Mature Christianity in the 21st century. The recognition and repudiation of the anti-Jewish polemic in the New Testament.* Hersiene uitgawe. New York: Crossroad.

Heschel, A J 1987. *De Sabbat: Zijn betekenis voor de moderne mens*, vertaal deur H de Bie. Houten: De Haan.

Hoffmann, J 1912. *Die Bedeutung des Sabbat in jüdisch-religiösen Leben.* Wien und Budapest: Verlag von Jos, Schlessinger Buchhandlung.

Koekemoer, J H 1994. Sondagviering, in *Konteks*, 5/7 (Julie) 1994.

Kuyper, A C 1982:3). Sabbat moet 'n dubbele erediens wees, in *Die Hervormer* 73/11, (Februarie) 1982.

Lindeque, G C 1989. Sondag vir die Chrisen 'n rusdag, in *Die Hervormer* 80/10, (Januarie) 1989.

Montefiore, C G 1927. *The synoptic gospels.* 2nd edition. London: Macmillan.

Sandmel, S 1978. *Anti-Semitism in the New Testament?* Philadelphia: Fortress

Schweizer, E 1979. *The Good News according to Mark*, vertaal deur D H Madvig. Atlanta: John Knox.

Smith, D J 1990. Die Calvinistiese Sondagbeskouing met spesiale verwysing na Sondagsport en die uitsending daarvan, in *HTS* 46/4.

Spier, Erich 1989. *Der Sabbat.* Berlin: Institut Kirche und Judentum. (Das Judentum. Abhandlungen und Entwürfe für Studium und Unterricht.)

Stander, H F & Louw, J P 1990. *Gebruike en gewoontes in die Bybel.* Vereeniging: CUM Boeke.

Strack-Billerbeck 1928. *Kommentar zum Neuen Testament aus Talmud und Midrasch: Abhandlungen zur neutestamentlichen Teologie und Archäologie*, IV.1. München: CH becksche Verlagsbuchhandlung Oskar Beck.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Van Boxel, P 1987. *Sjabbatskind: Vroegjoodse tradisies oor lewe en dood.* Hilversum: Gooi & Sticht.

Van Wyk, D J C 1982. Sondagheiliging: Só het die kerk besluit. *Die Hervormer* 74/7, (Oktober) 1982.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services